**Kraggakamma Huisgeloof**
**vir kleingroepe, families en stiltetyd**
**(20-25 September 2026)**

**Tema: Een saak, met vier keuses**
**Fokus Teks:** Matteus 6:19-34
Alternatiewe teks: Matteus 5-7

## Afskop vrae:

As jy vandag skielik 'n miljoen rand sou wen, wat is die heel eerste ding wat jy sou koop? Wat sê daardie keuse oor wat vir jou belangrik is? Is dit in lyn met jou waardestelsel?

## Gespreksvrae:

Matteus 6:19-7:28 handel oor my lewe na buite. My verhouding met die wêreld. Dit bevat een saak- met agt verskillende keuses

1. Twee skatte: aardse of hemelse
2. Twee oë: toe of oop
3. Twee base: my goed of my God
4. Twee style: gespanne of ontspanne
5. Twee oordele: eie balk of ander splinter
6. Twee paaie: breed of nou
7. Twee lewens: hoor of doen
8. Twee fondamente: sand of rots

- Waar in die lewe dink julle is lê fyn lyn waar jou goed vir jou belangriker raak as jou God?
- Wat is 'n paar praktiese, alledaagse maniere waarop 'n mens "skatte in die hemel" kan versamel in plaas van op aarde?
- Wat is die impak vir ‘n Christen indien ons nie met oop oë leef nie? Oop oë lei dikwels tot oop harte. Watter idees is daar oor hoe ons ons besittings kan gebruik om ander in ons gemeenskap te seën?
- In vers 27 vra Jesus: "Wie van julle kan deur hom te bekommer, 'n enkele uur by sy lewe voeg?" Waarom dink jy is mense geneig om hulle vanselfsprekend te bekommer, selfs al weet ons dat dit nie ons probleme oplos nie?
- Wat is die verskil tussen verantwoordelike beplanning en sonde-agtige bekommernis?
- Hoe lyk dit prakties in jou daaglikse lewe om "eers die Koninkryk van God te soek"?

## Afsluiting:

Deel met mekaar in een sin wat het jy by die ander groeplede tydens hierdie geleentheid gehoor het. Bid saam as gesin en dank God dat Hy vandag reeds vir elkeen van julle sorg.